Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 71
Junie 2017

Om saam met God te leef, is 'n reis. 'n Reis van geloof, hoop en liefde wat elke oggend voor begin. Wat nooit stop nie.

Junie was 'n besige maand. Dit was ook 'n lang kwartaal. Dankie aan al die Versorgers wat elke week getrou hulle bydrae kom lewer het. Ek het onlangs met 'n arbeidsterapeut van Randburg gepraat en sy het my verseker dat sy nog nooit in haar lewe so 'n getroue spul mense soos dié wat met Johannes help, teëgekom het nie. Die Smitte is bevoorreg om elkeen van julle te ken. Julle maak ons gesondword-oorleef-pad saam met Johannes makliker en daarom seën ons julle met die volgende: **Die Here sal vir jou goed wees en vir jou sorg. Die Here sal jou raaksien en vir jou Sy liefde gee. Die Here sal jou goedgesind wees en vir jou voorspoed gee.**

Johannes het ons hierdie maand groot laat skrik. Ek en Hein en Johannes was vinnig dorp toe en toe ons tuis kom, het Johannes begin kla van erge rugpyn. Net daarna het sy maag ook begin pyn en kort daarna het hy gesukkel om asem te haal. Omdat Johannes nie klaerig is nie en altyd lag, het ons bekommerd geraak. Gelukkig was die dokter beskikbaar en kon Hein ons binne 'n rekordtyd dokter toe neem. Die dokter was nie seker of dit blindederm of dalk nierstene is nie en ons is in Vergelegen Medi-Clinic opgeneem om 'n "scan" te laat doen. Gelukkig het Johannes se pyn bedaar kort nadat die dokter hom ingespuit het. Die "scan" wys toe dat dit "Mesenteric Adenitis" is. Soos wat 'n mens se kliere in jou nek opswel, kan die kliere in jou maag ook opswel en dit het die vreeslike pyn veroorsaak. As gevolg van die pyn, het Johannes gesukkel om asem te haal. Ek en Johannes het vir een nag in die hospitaal geslaap. Deesdae is daar wonderlike uittrek-kampbedjies vir die mammas om op te slaap. (Geen "Lazyboy"-ongemaklike-slapery meer nie.) Jy kry tot 'n laken, duvet en kussing ook. En daar was 'n koffiemasjien waarop jy kan knoppies druk en dan spoeg dit die heerlikste warm koffie uit!! Ons is die volgende oggend ontslaan. Nadat die verpleegster die oggend 06:00 Johannes se koors kom neem het, vra hy al: "Wat doen ons 2 vandag, Mamma?" Toe is alles oor en verby. Net so vinnig soos hy siek geword het, was hy weer gesond!

Hein het die grootste gedeelte van sy vakansie by Asara-wynplaas gewerk om sakgeld te verdien. Elke oggend is hy netjies uitgevat in sy swart broek en baadjie, wit kraaghemp en swart skerppuntskoene werk toe. Hy gaan van 1 – 8 Julie saam met die NG Kerk Uitsig na 'n uitreik op Merweville en ons bid hom net die mooiste toe.

'n Paar skerp sêgoed deur Johannes uitgedink:

- Kan 'n Jack Russel POEDELnakend kaal wees?
- Kan 'n BOUD iets verdui(DY)delik?
- Watter mense kan nie verkoue kry nie? Natuurlik babas, want hulle het nog nie tande om mee te KOU nie.
- Elke aand help Johannes my wanneer ek kos maak. Dan maak hy voorstelle van wat ek in die gereg moet ingooi. Een aand sê hy ek moet definitief MIKmosterd gebruik. Na vele kopkrappery kom ek agter dat hy van KORRELmosterd praat.

Gebedsversoeke:

- Dat almal veilig sal ry en heerlik vakansie sal hou
- Dat Johannes ook gedurende die vakansie sal ontspan
- Vir al die Smitte vir gendade, krag, liefde en geduld

If God didn't have a purpose for us, we wouldn't be here!
Live Simply
Love Generously
Care Deeply
Speak Kindly
And...
Leave the rest to God.

Tot volgende maand. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 71

Johannes drink tee in die hospitaal .....

..... en eet 'n chippie

Mamma se kampbedjie

Johannes lê rustig en .....



..... trek gesigte

..... en lag